EMILY HOBHOUSE

ooreenstemming met mej. Hobhouse se versoeningsbeleid, het sy voor haar terugkeer na Engeland nog vir oulaas 'n spesiale omsendbrief aan alle Transvaalse leraars en kerkrade gerig, waarin sy hulle ernstig tot nouer samewerking met die owerheid gemaan het.

DIE HELER VAN ONS WONDE

Haar terugkeer na Engeland in 1904 het nie die einde van haar belangstelling in Suid-Afrika beteken nie. Die verarmings- en verstedelikingsproses wat hier te lande aan die gang was, het haar met kommer vervul en haar tot die besluit laat kom om die totstandkoming van tuisnywerhede met alle middele tot haar beskikking te propageer. Met dié doel voor oë, het sy persoonlik eers 'n grondige studie van kantwerk, spin en weef gemaak en daarna die *South African Women and Children's Distress Fund* laat omskep tot die *Boer Home Industries Aid Society*. Syself en mej. Margaret Clark is as ampteliike verteenwoordigsters van die nuwe hulpvereniging na Suid-Afrika afgevaardig.

Op 13 Maart 1905 is die eerste spin-en-weefskool onder haar leiding op Philippolis geopen. Sodra hierdie skool goed op dreef was, is 'n tweede soortgelyke inrigting by die Langlaagteweeshuis in Transvaal gestig. So gunstig was die reaksie dat 'n verdere sewe spin-en-weefskole ook in ander Vrystaatse dorpe geopen is. Gedurende 1907 en 1908 was hierdie opvoedkundige tuisnywerheidsinrigtings reeds so gewild en suksesvol dat almal deur die staat oorgeneem en in sommige gevalle tot nywerheidskole omskep is.

Die wesenlike belangrikheid van Emily Hobhouse se werk in hierdie verband is deur haar ou vriend en raadgewer, lord Ripon, soos volg opgesom: "Sodoende het jy bereik wat jy op so 'n moedige wyse onderneem het en het jy in Suid-Afrika 'n blywende bewys van jou harde werk agtergelaat." In dieselfde verband kon haar getroue helpster, mej. Clark, verder verklaar: "Wat ook al die uiteindelike lot van die tuisnywerhede sal wees, dit was die middel, onder mej. Hobhouse se invloed, nie slegs om gesonde materiaal in

(Vervolg van bl. 17)

die lewenspatroon van daardie tyd van armoede in te bou nie, maar om hoop te laat opvlam, selfrespek aan te wakker en ongesiene kragte te ontketen."

Op 8 Junie 1926 is hierdie groot vrou, wat soveel vir ons volk in sy uur van beproewing beteken het, stil heengegaan. Aan die voet van die Vrouemonument, daardie gedenksuil opgerig ter nagedagtenis aan hulle vir wie sy liefgehad en gedien het, het haar veraste oorskot 'n laaste rusplek gevind. "As iemand dit ooit vir ons volk was", kon dr. D. F. Malan met oortuiging by haar teraardebestelling verklaar, "dan was Emily Hobhouse dit — 'n Engel van Vertroosting, die vertolker van ons weedom; ons voorspraak voor die wêreld; die versorger van ons hongeriges; die heler van ons wonde, die moeder van ons moederloses."

Van Bloukrans

(vervolg van bladsy 9)

voortbestaansekspedisie gemaak. Van Bloukrans het 'n smartvolle roete af, af, af gelei.

Maar by Bloedrivier het op 16 Desember 1838 'n laaste trietsige oggendmis voor breë sonstraalbane gewyk. Die dag was asof vir die Voortrekkers gebore!

TOTIUS



GOUD: 18 karaat
38 mm deursnee
1,12 fyn ons
R200 elk

- elkeen individueel genommer.
- slegs 100 word gemunt.
- in luukse kissie verpak.

SILWER: 38 mm deursnee
R15 elk

- slegs 600 word gemunt.
- in luukse kissie verpak.

AFLEWERING: Vroeg in 1977
Slegs bestellings wat kmb geplaas word sal aanvaar word.

Die Hoofsekretaris: FAK,
Posbus 8711, Johannesburg 2000

GEDENKPENNINGS

BOSTON VULCANISING

STRUBENSTRAAT 84, TEL. 2-2471

(Tussen Potgieter- en Schubartstraat)

Ons nuwe diens aan die motoris:—

- WIELSPORING
- BALANSERING
- ENJIN-INSTELLING
- SMEERDIENS
- REMSKOENE
- UITLAAT STELSELS

Saterdae Oop 7.30 — 11.30 vm.



THE MANAGEMENT AND STAFF OF...

S. N. I. B.

GROUP OF COMPANIES

"Your Brokers for Life"

Are proud to associate ourselves with the celebrations marking the arrival in Natal of M.K. Gandhi 100 years ago

SOUTHERN NATAL INSURANCE BROKERS

TELEPHONE/FAX: 320241, 7th Floor, 75 Winder Street, Durban
P.O. Box 48380, Qualbert, Durban 4078